**BYLAAG B: BEPALINGS TEN OPSIGTE VAN SKORSING, UITSETTING EN APPÉL**

1.1 Waar 'n dissiplinêre komitee in terme van paragraaf 6.15 'n leerder skors, met die doel om finale skorsing deur die Onderwysdepartement te bewerkstellig, moet die dissiplinêre komitee die skoolhoof opdrag gee om 'n volle rekord van die dissiplinêre prosedure en 'n verslag van die dissiplinêre komitee oor die leerder aan die Hoof van die Departement in te dien.
*[Sub-regulasie (1): amendment gewysig deur Algemene Kennisgewing 2591 van 9 Mei 2001 met effek 9 Mei 2001]*

1.2 Die verslag waarna in paragraaf (7.1) verwys word moet ten minste die volgende insluit –

1.2.1 die volle name, geboortedatum, en graad van die leerder;

1.2.2 'n Opsomming van die bewyse wat deur die aanklaer aan die leerder voorgehou is; en

1.3 'n Opsomming van die bevinding van die dissiplinêre komitee na aanleiding van die bewyse wat gelewer is, en die vonnis wat daarvolgens voorgestel word. Na oorweging van die volle rekord van die verrigtinge en die verslag genome in sub-paragraaf (7.1) en binne vyf (5) dae nadat kennisgewing van beslissing van die Dissiplinêre komitee ontvang is, moet die Hoof van die Department –

1.3.1 die leerder skors; of

1.3.2 'n ligtere straf toedien volgens die bepalings van die kode; of

1.3.3 uitstel of opskorting van die vonnis vir 'n tydperk van nie minder nie as ses maande; of

1.3.4 'n gepaste vonnis, volgens die oordeel van die Hoof van die Department, fel; of

1.3.5 die leerder onskuldig bevind
*[Sub-regulasie (1): amendement gewysig deur Algemene Kennisgewing 2591 van 9 Mei 2001 met effek 9 Mei 2001]*

1.4 Die Kennisgewing waarna in sub-paragraaf (7.3) verwys word moet die reg tot appél insluit deur die Lid van die Uitvoerende Raad indien die Hoof van die Departement 'n leerder skors.

1.5 Indien die Hoof van die Departement 'n skoolpligtige leerder skors, moet die Hoof van die Department:

1.5.1 toesien dat die leerder tot 'n ander skool of leersentrum in dieselfde provinsie toegelaat word;

1.5.2 mag vereis dat die leerder berading ontvang; en

1.5.3 gereelde vorderingsverslae verkry vanaf die berader waarna in paragraaf (7.5.2) verwys word.

1.6 Indien die Hoof van die Departement 'n leerder skors wat nie skoolpligtig is nie, mag die Hoof van die Departement opdrag gee dat die leerder nie hertoegelaat word in enige skool in dieselfde provinsie nie.

2 Appél teen Besluit van Hoof van die Departement om 'n Leerder te skors:

2.1 'n Leerder of sy ouer(s) mag appél aanteken by die Lid van die Uitvoerende Raad teen –

2.1.1 Enige skuldigbevinding deur die Hoof van die Departement waar 'n skorsing toegepas is;

2.1.2 'n skorsing wat deur die Hoof van die Departement toegepas is; en

2.1.3 'n bevel van die Hoof van die Departement ten opsigte van paragraaf 7.5.

*[Paragraaf (c): amendement gewysig deur Algemene Kennisgewing 2591 van 9 Mei 2001 met effek 9 Mei 2001]*

2.2 'n Leerder of sy ouer(s) wat 'n appél wil loods teen 'n besluit waarna verwys word in sub-paragraaf (9.1), moet binne 14 (veertien) dae na kennisgewing ten opsigte van paragraaf 7 van die besluit, 'n kennisgewing van appél en die gronde waarop die appél berus, per hand indien by die kantoor van die Lid van die Uitvoerende Raad.

*[Sub-regulasie (2): amendement gewysig deur Algemene Kennisgewing 2591 van 9 Mei 2001 met effek 9 Mei 2001]*

2.3 Tensy die Lid van die Uitvoerende Raad geldige rede vind om anders te besluit, sal die appél nie die vonnis wat deur die Hoof van die Departement toegedien is, verander nie.

2.4 Binne 5 (vyf) dae na ontvangs van die kennisgewing tot appél, moet die Lid van die Uitvoerende Raad die Hoof van die Departement en die beheerliggaam in kennis stel van die appél, en 'n afskrif daarvan aan hulle voorsien.

2.5 Die Hoof van die Departement en die beheerliggaam moet binne 5 (vyf) dae na ontvangs van die kennisgewing tot appél vanaf die Lid van die Uitvoerende Raad, skriftelik reageer en redes aanvoer waarom die appél ter syde gestel moet word.

2.6 Binne 5 (vyf) dae na ontvangs van die skriftelike indiening waarna in sub-paragraaf (9.5) verwys word, moet die Lid van die Uitvoerende Raad –

2.6.1 die appél ter syde stel;

2.6.2 'n ligter straf oplê, soos volgens die bepalings van die kode toegelaat;

2.6.3 enige ander sanksie oplê, volgens die goeie oordeel van die Lid van die Uitvoerende Raad; of

2.6.4 die leerder onskuldig bevind; die leerder en sy ouer(s), sy verteenwoordiger en die Hoof van die Departement van sy beslissing in kennis stel.

2.7 Die beslissing van die Lid van die Uitvoerende Raad met betrekking tot die appél is finaal.